# Diere en die Seisoene



Louise van der Merwe

Hierdie boek ondersteun

CAPS Grondslagfase Lewensvaardigheids onderwerpe vir

Graad R Kwartaal 1

ONDERWERP: *Somer: Hoe diere beïnvloed word*

Graad R Kwartaal 2

ONDERWERP: *Herfs: Hoe diere beïnvloed word*

Graad R Kwartaal 3

ONDERWERP: *Winter: Hoe diere beïnvloed word*

Graad R Kwartaal 3

ONDERWERP: *Lente: Hoe diere beïnvloed word*

ONDERWERP: *Voëls*

Graad 1 Kwartaal 3

ONDERWERP: *Troeteldiere*

Graad 2 Kwartaal 2

ONDERWERP: *Seisoene: Hoe diere beïnvloed word*

# Somer


## Nuwe Woorde...

DBV:
dierebeskermingsvereniging

sterilisasie:
'n operasie wat voortplanting verhoed

## Goeiemôre, Sondagson!

Ek is warm en dors, ek het ver geloop.
My mensemaatjies maak die waterkraan oop,
nou plas die water om my bek.
Dis skoon en koel en ek lek, lek, lek!



## Goeiedag, Maandagson!

O wee, ek jeuk! Ek krap en tol!
Bosluise en vlooie maak my mal!
Maar my mensefamilie help my reg.
Na hierdie DIP is die peste weg!




( LW: Ouers moet help met DIP )

## Goeiedag, Dinsdagson!

Los ons liewer tuis as in die kar,
ons kry bitter vinnig baie swaar.
Daar het al baie diere omgekom
in 'n kokende motor wat bak in die son!




## Goeiedag, Woensdagson!

Die mense kuier lekker, want dis koel onderdak.
Het hulle voorsorg getref vir Sam en Klein Brak?
Ja!  Altyd skoon water om die dors te troef,
en 'n lekker groot hok om in te vertoef.



## Goeiedag, Donderdagson!

Somer is tyd vir buitelugpret
met al die maatjies wat jy het!
Spring en hol en hardloop rond.
Speel is belangrik vir 'n hond!



## Hallo, Vrydagson!

Ma-wees is wonderlik, maar dis nou genoeg!
Daar's meer en meer kleintjies en Mamma is moeg.
'n Klein operasietjie kan alles regmaak.
Help Mamma-hond met die dringende saak!



( Vra jou plaaslike DBV vir advies oor sterilisasie )

## Goeiemiddag, Saterdagson!

Diere, soos mense, moet goeie kos kry.
Gereeld, elke dag, maak 'n dieremaat bly!
Die pelse word blink en die lyfies word sterk,
en daar's vonk vir speel en krag vir werk!



## Goeienag, Somerson!

Jou vurige dans is vir eers nou geblus.
Die maan en die sterre gaan hul kindertjies sus.



Ons slaap veilig en dankbaar in ons bedjies sag
en saam groet ons môre die blink nuwe dag.

# Herfs


## Nuwe Woorde...

skraal:
koel of kouerig

horison:
gesigseinder of so vêr as wat jou oog kan sien


## Goeiemôre Herfs !

Die son is laag in die lug en die windjie waai skraal.
Die blare val op die grond en die gras word vaal.
Ons trek warm klere aan - woltrui, mussie en dik broek.
Herfs is hier en Winter is om die hoek.



## Goeiemôre Herfs !

Sommige voëls kry koud in die Herfs.
Hulle vlieg na die vêr horison.
Hulle vlieg na die Noorde oor berge en see,
na die land van die warm somerson.



Sonder slaapplek en sonder ʻn kaart,
dun lyfies vol durf en moed...
Hulle laat ons agter in bibberland -
Dis tyd om die swaeltjies te groet!

# Winter

## Nuwe Woorde...

trotseer:
om nie bang te wees vir iets nie

verkluim:
om vreeslik koud te kry

## Goeiemôre Winterweek!

Winter is hier, dis die koue seisoen.
Kom ons wys jou wat om te doen!
As jy weet hoe om warm te bly
is winter pret vir jou en vir my.



## Goeiemôre Winter Sondag!

So hou ons bibberasies weg,
kyk nou mooi, ek wys jou reg!
Handskoene, kouse en serp van wol
en 'n snoesige trui is in die kol.



## Goeiemôre Winter Maandag!

Dis hoe ons die koue troef.
Maar onthou tog ook vir kat en woef!
Kyk hoe bibber die kleinding daar.
Ag siestog, Ouboet, hy kry nou swaar!



## Goeiemôre Winter Dinsdag!

Kan honde dan klerasie dra?
Ouma sê dis raar, maar waar!
Asseblief tog, Ouma, brei 'n trui
vir hondekind, en leer my daarby.



## Goeiemôre Winter Woensdag!

"Maak oop! Ek verkluim!" miaau Gemmerkat.
"Van ys en sneeu is ek siek en sat!
Ek wil langs die kaggel dut
waar Ouma knus met breiwerk sit."




## Goeiemôre Winter Donderdag!

Ons sê dankie vir Skaap, ons kosbare maat
en die lieflike wol waarby ons baat.
Kyk hoe trotseer sy die yskoue dag
in haar eie wolbaadjie, dig en sag!



## Goeiemôre Winter Vrydag!

As die winter verby is word skape geskeer
en, soos mensehare, groei dit alweer!
Vandaar kom my handskoene, wit en pers
en Ouboet se pragtige wolkombers.



## Goeiemôre Winter Saterdag!

Hoe sit ons hier die bibberasies op hol?
Ons vat bale sagte, snoesige wol,
en spin dit en kleur dit en weef dit en brei.
En so bly ons warm en pragtig daarby!



# Lente


## Nuwe Woorde...

boorde:
'n plek waar vrugtebome groei

verfraai:
om mooi te maak

# Goeie Môre, Lente!

Dis tyd vir geboortes en 'n nuwe begin.
Met lammertjies in die boorde,
voëlkuikens wat piep in die neste.
Sowaar! Vir my is Lente die beste!



## Goeiemôre, Lenteson!

My wolliehond verhaar.
Haar winterjas moet waai!
Ek dra 'n T-hemp, lekker koel,
terwyl ek haar verfraai.



Gepubliseer deur
**The Humane Education Trust**

ISBN 978-0-9869721-6-4

Illustrasies: Pandora Alberts

©Louise van der Merwe
Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag sonder die toestemming van die uitgewer gereproduseer, in 'n stelsel vir inligtingsbewaring gestoor, of langs enige elektroniese of meganiese wyse weergegee word nie, hetsy deur fotostatiese vaslegging, klankopname of andersins.

NatureBased EDUCATION
A DIVISION OF THE HUMANE EDUCATION TRUST

ONE HEALTH ONE WELFARE

THE HUMANE EDUCATION TRUST
CAPE TOWN SOUTH AFRICA

Louise van der Merwe
Managing Trustee | The Humane Education Trust
Director | Nature-Based Education Cape Town, South Africa
Mobile | 082 457 9177
Email | education@naturebased.online
Website | www.naturebased.education

Proudly a member of the World Link Coalition